http://proregno.wordpress.com/
Jaargang 4, Nr 3 • **GRATIS!**

# Kelkiewyn

**Roepstem uit die Dorsland**

## Arbeid – Ons manier van werk




## Servikale kanker

## God beheer alles

# Arbeid – Ons manier van werk

‘n Mens hoor toenemend dat werknemers nie meer pligsgetrou is nie. Gedurende werksure sit hulle soms en gesels, bring tyd deur op die internet of telefoon, is besig met hulle privaatsake of hulle is bloot traag om hulle werk te doen. Dit gebeur selfs dat hulle in werktyd uitglip om gou inkopies te gaan doen. Buitendien word die werk dikwels in so ‘n traak-my-nie-agtige gesindheid gedoen dat dit vol foute is en baie keer die indruk van slordigheid gee. Daar word nie baie werk gedoen nie en ook nie goeie werk gelewer nie. Wat ‘n mens veral seermaak, is dat Christene net so skuldig is hieraan.

**Verskillende implikasies van hierdie manier van werk.**

*Die werkgewer se tyd en geld word gesteel.*
Sy tyd word gesteel as ek byvoorbeeld in die tyd wat ek wettig en volgens ooreenkoms in sy diens staan, my privaatsake hanteer of niks doen nie en sy geld word gesteel, omdat ek aan die einde van die maand van hom volle betaling verwag - ook in die tye wat ek gedurende werksure niks gedoen het nie - in elk geval nie in sy diens nie.

**Arbeidskragte en geld word vermors.**
Persone wat op ‘n sekere plek werk en hulle werk nie getrou doen nie, veroorsaak dat die werk nie klaar kom nie en daarom moet ekstra persone in diens geneem word, wat weer ekstra geld kos. As werk op ‘n traak-my-nie-agtige wyse gedoen word, is dit vol foute. Om hierdie foute reg te maak, moet nog ‘n bykomende persoon in diens geneem word wat dus weer ‘n ekstra arbeidskrag en ekstra geld vereis wat eintlik onnodig was.

Op hierdie trant word ’n land seker meer skade aangedoen as deur al die diewe en rowers saam. So sou ons meer implikasies kon noem, maar wat ons egter veral duidelik wil aantoon is dat ons hier met ‘n goddelose en geheel en al onchristelike manier van werk te doen het.

**Die Bybel het iets te sê oor die manier waarop ons ons werk doen.**
“Alreeds hy wat hom slap hou in sy werk, hy is ‘n broer van ‘n verwoester.” (Spr. 18:9)

Die uitdrukking: “Hy is ‘n broer van ‘n verwoester”, wil sê dat die persoon wat hom slap hou in sy werk self ‘n verwoester is. En hoeveel verwoesting deur ‘n slap houding in ons werk bewerkstellig word, kan uit die praktyk van die lewe baie duidelik gesien word. Slapheid in die werk het al dikwels skade, ongelukke, vermorsing van geld, arbeidskragte, en nog baie meer veroorsaak. Ons moet ook daarop let dat die Spreuke-digter praat van een wat hom slap hou in sy werk sonder om hierdie werk nader te kwalifiseer. Daarom geld hierdie uitspraak van enige soort van werk: my werk waardeur ek my daaglikse brood verdien in ‘n kantoor of fabriek of waar ook al; verder ook my huiswerk, my skoolwerk, my kerkwerk, my arbeid in diens van die Here. Op alle werkterreine geld dit: Hy wat hom slap hou in sy werk, hy is ‘n broer (of suster) van ‘n verwoester.



“Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag.” (Pred. 9:10)

Die Prediker bedoel hier dat ek, op watter terrein ek tot arbeid geroep word in diens van kerk, staat of maatskappy, daar moet ek my allerbeste lewer. Die woorde: “. . . doen dit met jou mag” beteken dat ek al my kragte moet inspan om die grootste hoeveelheid en die beste kwaliteit te lewer. Daarby moet ons onthou dat ons in die woorde “. . . doen dit met jou mag” nie met ‘n opinie van ‘n mens te doen het nie, maar met ‘n *bevel van God* en Sy bevele moet gehoorsaam word.

“Elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam” (Mat. 5:41).

Wat Christus hier wil sê, is: ‘Doen meer as wat gevra word, doen meer as net die absolute minimum.’ Ervaring het al gewys dat die persone wat vooruitgaan in die lewe, wat die beste presteer op skool en na skool, nie dié is wat net met die minimum tevrede is nie, maar juis die wat met elke kilometer wat hulle verplig is om af te lê, uit hulle eie nog ‘n ekstra kilometer daarby stap.

“Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.” (Mat. 6:10).

In hierdie bede vra ons volgens die Heidelbergse Kategismus (antw. 124) die Here onder andere dat Hy ons die genade moet gee sodat ons, ons amp en beroep so gewillig en getrou beoefen en uitvoer as wat die engele in die hemel dit doen. Hier word die engele van die hemel aan ons voorgehou as voorbeeld van getroue arbeid wat ons moet navolg. En ons bid die Here in hierdie bede om ons te help sodat ons hierdie voorbeeld werklik kan navolg. Maar nou weet ons: Bid en werk gaan altyd saam. Daarom, as ons die Here hiervoor gebid het, moet ons self ook alles in ons vermoë doen om dit te bereik wat ons in die gebed van Hom gevra het.

Uit hierdie verskillende Bybelgedeeltes kan gesien word dat God self van ons eis dat ons die werk wat ons moet doen, van watter aard of karakter die werk ook mag wees — uitgesluit natuurlik die sondige werke — pligsgetrou en roepingsbewus moet uitvoer met al ons kragte en na die beste van ons vermoë... soos die engele in die hemel.



*Prof. Paul de Bruyn (Verwerk deur Redaksie)*



# Rentmeesters van God

Die verhouding waarin die mens tot sy aardse besittings staan, word volgens die Skrif aangedui met die woord *rentmeester* of *bestuurder* (Luk. 16:1-5; Rom. 16:23). Die Griekse woord daarvoor is *oikonomos* en hou duidelik verband met die woord *ekonomie*.

ʼn Rentmeester is iemand wat oor die besittings van ʼn eienaar aangestel word en daaroor beheer het. Aan die een kant is dit ʼn *vrye beheer*. Hy kan immers eie inisiatief aan die dag lê en tot ʼn groot mate self besluit hoe hy die besittings van sy eienaar gaan beheer of bestuur. Aan die ander kant is dit ʼn *verantwoordelike* beheer, omdat hy van al sy doen en late aan die eienaar verantwoording moet kan doen (vgl. Matt. 25:14-30; Luk. 19:11-28). Die rentmeester moet veral in gedagte hou dat hy sy posisie nooit mag misbruik om homself wederregtelik te bevoordeel en te verryk nie; inteendeel, hy moet juis toesien en help dat die eienaar verryk word.

**God is die Eienaar**

Uit die Skrif is dit duidelik dat God as Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan, die enigste *werklike Eienaar*, trouens die *absolute Eienaar* is (Ps. 24:1; 1 Kor. 4:7). Daarteenoor is die mens nie werklik ʼn eienaar nie, maar slegs ʼn *besitter* van dit wat God aan hom toevertrou het. Waar die woord *eiendom* ten opsigte van die mens gebruik word, moet steeds in gedagte gehou word dat dit slegs die betekenis van *besitting* het.

Dit het God egter behaag om die mens as rentmeester oor sy (God se) eiendom aan te stel. En al kom die woord rentmeester nie in die 1953-vertaling of in die 1983-vertaling voor nie, kom die woord vir r*entmeester* wel in die Skrif voor (vgl. Luk. 16:1-3; Rom. 16:23). Daarby kom die saak van die mens as rentmeester baie duidelik in die Skrif voor (vgl. Ps. 8:7-9; Matt. 25:14-30; Luk. 16:1-3; 19:11-28). Op die oordeelsdag sal die mens aan God rekenskap moet gee van alles wat hy op aarde gedoen het – ook met die besittings wat God aan hom as rentmeester toevertrou het (Rom. 14:12; 2 Kor. 5:10; Op. 20:12).

**Die mens as rentmeester: beeld van God**

As rentmeester vertoon die mens die beeld van God daarin dat hy besittings het soos God besittings het – al is God Eienaar en die mens slegs besitter. Verder vertoon hy die beeld van God ook daarin dat hy heerser is soos God Heerser is. God is die groot Heerser wat oor alles heers (Ps. 99:1); die mens is die klein heerser wat slegs oor die deel van God se eiendom heers wat Hy aan hom toevertrou het (Gen. 1:26-27; Ps. 8:6-9).

**Die implikasies van rentmeesterskap**

Die vernaamste implikasies wat rentmeesterskap het, is die volgende:

**1. Besittings is gawes van God**

Die mens moet sy besittings sien as gawes van God. Daarom mag *God* en *goed* (besittings) nooit van mekaar geskei word nie. Wie dit doen, maak *God* tot *goed* en onteer (verneder) Hom daardeur. Terselfdertyd maak hy dan van die *goed* wat hy het ʼn *god* en verval so in afgodery.

**2. God gee aan elkeen volgens sy vermoë**

Dit is God wat aan sommige mense baie besittings gee en aan ander weer min, want Hy gee "aan elkeen volgens sy bekwaamheid" (Matt. 25:15). Dit kom daarop neer dat God aan elke persoon soveel besittings gee as wat hy in staat is om te beheer en te hanteer. Daarby moet in gedagte gehou word dat hoe meer ʼn persoon se besittings is, des te meer is sy verantwoordelikheid voor God.

**3. Die reg om besittings te hê**

Die mens mag as rentmeester eiendom besit. Dit geld ook van die individuele mens: hy mag ook privaat eiendom hê. Dit is belangrik om dit te beklemtoon, want daar is mense wat teen die besit van privaat eiendom gekant is. So ʼn siening is egter in die lig van die Skrif onaanvaarbaar. Om eie besittings te hê, is nie ʼn voorreg wat aan ʼn persoon deur sy medemens uit goedhartigheid toegestaan word nie, maar ʼn reg deur God aan hom gegee (Hand. 5:3-4; 12:12).

*Vervolg op bladsy 13.*

**Lees: Kolossense 3:22-25**
(ook Genesis 1:26-31; 2 Tessalonisense 3:6-13)

**Fokusvers: Kolossense 3:23**

# Adel van ons arbeid

Om namens die Here as bruikbare werktuie ander te bemoedig, te versterk, te versorg, te vertroos en te lei, is 'n spesiale genadevoorreg, maar ons alledaagse werk staan ook in diens van God en daarom moet ons dit ook aan Hom wy. Dis van hierdie werk wat Paulus in ons fokusvers praat: "*Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here, en nie vir mense nie"* (Kol. 3:23).

## 1. Waarom moet ons werk?

**God gee as Werkgewer 'n opdrag**
God gee aan elke mens opdrag om te werk. Ons hoor dit in die tien gebooie: "*Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen*." Hy is ons almal se werkgewer. Adam kry alreeds 'n opdrag met die kern: 'Bewerk en bewaak', en dit geld vir alle beroepe wat sedertdien ontwikkel het. God het hierdie opdrag ook dikwels herhaal. Na die sondeval maak Hy egter 'n aanpassing, want die sondeval het ook die mens se werk aangetas, sodat dit moeitevol geword het: "*In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet...* **"** (Gen. 3:19). Die mens het na die sondeval lui geword en daarom por die Spreukedigter aan: "*Gaan na die mier, luiaard ..."* (vgl. Spr. 6:6-11).

**Jesus werk**
Jesus sê: "*My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook* "(Joh. 5:17). Later het Hy hierop uitgebrei: "*Ek moet die werk doen van Hom wat My gestuur het ...* " (Joh. 9:4). Hy het sy werk só gedoen, dat Hy aan die einde van sy lewe hier op aarde kon verklaar: "*Die werk wat U my gegee het om te doen, het Ek volbring*" (Joh. 17:4).



**Die gelowiges in die Bybel het ook almal gewerk**
Paulus het hard gewerk om sy brood te verdien, omdat dit nie vir die nuwe gemeentes al moontlik was om vir hom te sorg nie. Aan Kolosse se slawe, ambagsmanne, boere wat ploeg en saai, skryf Paulus: "*Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here."*

**Werk wek adel en leer jou onskatbare lewenslesse.**
Werk leer jou:

- Om te vertrou
- Om geduldig te bly
- Om dissipline te ontwikkel

Juis daarom is dit so noodsaaklik dat kinders ook die vreugde en die waarde van werk sal leer, selfs om hard en lank en verantwoordelik te werk. So sal ons die ratte waardeur God se Gees 'n mens veredel, reeds vroeg aan die werk help kry.


Om besig te wees verhef, ontwikkel, veredel en dit verdryf ook onsekerheid, want wanneer 'n mens goed besig is, is daar nie tyd vir 'n gewonder en 'n gewens nie. Harde werk verdryf ook sondige bekommernis. Jy werk letterlik, deur God se genade, jou eie heil uit en verbeter jou situasie. Paulus het gehoor van mense in die gemeente wat nie werk nie. Hulle sit rond, pla ander en is bemoeisiek. Dit was een rede vir die skryf van sy brief aan die Tessalonisense: "*om daardie mense deur Christus te vermaan om te begin werk. Want wie nie werk nie, sal nie eet nie!* "

God gebruik dus ons werk as sy besondere instrument om baie spesiale betekenis aan ons lewens te gee. Soos Hy deur kos jou liggaam in stand hou, so veredel Hy jou siel deur die werk wat jy doen.

## 2. Die gesindheid waarmee jy werk - Jou hart is jou aanmoediging

In ons werk moet ons harte ons aanmoedig. Ons moet verby ons base, die hoof of die onderwyser kyk. Ons moet verder as net die salaristjek kyk. Ons moet altyd besef: 'Eintlik werk ons nie vir mense nie. Nie eers vir onsself of vir ons gesinne nie. Ons werk vir die Here. Hy is ons Werkgewer.' 'Wanneer dit tot jou deurdring', sê Christus, 'kom daar groot verandering in jou lewe.' Dan bring moeitevolle werk 'n groot verandering in jou lewe. Harde, lang, eentonige werk en selfs oortyd bring dan tevredenheid. Werk wat gedoen word in hierdie geloof, wek rustigheid en lewensvreugde in jou hart. Dit is 'n belangrike bestanddeel om van jou waarlik 'n tevrede mens te maak.

Ons Verlosser het aan die kruis al die werk, waarvoor sy Vader Hom na hierdie aarde gestuur het, saamgevat en volbring. Alles wat nodig was om ons verlossing te bewerk, het Hy op die offeraltaar van die kruis volbring en betaal. Hy het al die sondes van al die geslagte uit alle tye op Homself getrek. Dit is Christus, ook jou Verlosser en jou Saligmaker! Hy is die Een wat jou werk van 'n las na 'n lus verander het. Die wonderlikste van alles is egter dat dit nie net 'n stuk teorie is nie. Dit is elke dag 'n werklikheid. Hy sorg elke dag vir alles wat ons nodig het. *Vervolg op bladsy 15.*



**Af:**

1 Hom van die Here gebid (1 Sam.)
2 Derde boek
3 Hy het dit aan hulle gegee in Matt.10
4 Onder meer (afk.)
5 Hy het my verslind (Jer. 51)
6 Europium (simbool)
7 Kortsig (afk.)
8 Lantaan (simbool)
9 Ficksburg se ou registrasie
10 Sien
11 Voorvoegsel
13 Geestelike toestand
16 Gees wat deur waterlose plekke gaan (Luk. 11)
18 Hy wat daarop sit (Op. 4)
19 Die wêreld is vuil, volgens (2 Pet. 2)
20 Gety
21 Barium (simbool)
22 Jou eie
24 Leraar
25 Alkoholiste anoniem (afk.)
26 Broeders (afk.)
28 Nommer (afk.)
32 Voorvoegsel
33 Susterskerk
34 Waterkante
35 Witbank se ou registrasie
36 Tydperk
37 Tydperk wat God geskape het in dae
38 Seun van Tagat (1 Kron. 7) {NAV}
40 Stof van hul voete afgeskud (Hand. 13)
41 Vrou van Juda se oudste (Gen. 38)
42 Knoeier
44 Agter voegsel
47 Onkundig
48 Insake
53 Profeet
54 Dit is waar, dit is seker
55 Volt-ampère (afk.)
58 Randon (simbool)
60 Grafeer
61 Seun van Nahor (Gen. 22)
62 Iridium (simbool)
63 En elders (afk.)
66 Ter plaatse (afk.) {in loco}
67 Woonplek van Rigter Abdon (Rig. 12)
68 Verslaande stad (Jos. 8)
69 Word 'n einde gemaak (Jer. 48)
71 Boonste deel van skedel
73 Doop in die plek daarvan
74 Landstreek in Hand. 16 {NAV}
76 Middel eeue (afk.)
77 Atmosfeer (afk.)
81 Mans naam
82 Affêre
88 Natrium (simbool)
90 Efesiërs (afk.)
93 Onses insiens (afk.)
94 … en nee nee (Jak. 5)
95 Binne

**Dwars:**

1 Batseba se seun
5 Tien gebooie
12 Emiritaat
14 Vader van Samma (2 Sam. 23)
15 En ander (afk.)
17 Dawid was sy moordenaar (2 Sam. 11)
19 Seun van Salomo
27 Wingerde en olyfbome in Jos. 24
28 Die koning van die konings (Eseg. 26)
29 Hulle is blinde van blindes (Matt. 15)
30 Richmond (Natal) se ou reg.
31 Geloof aan net een God
39 Die helfte is my nie meegedeel (2 Kron. 25)
42 Stad in laeveld van Juda (Jos. 15)
43 Tempelslaaf (Esra 2)
45 Griekse "P"
46 Herskep
49 Neodinium (simbool)
50 Koning van Basan (Num. 21)
51 'n Stad volgens (Luk. 7)
52 Salomo se seun
55 Kosteloos (2 woorde)
56 Weens
57 Rivier in Europa
59 Geen
60 Die twintigste lot (1 Kron. 24)
64 Verder
65 Bewoners van die land van die Nyl
70 Profeet
72 Sy vader was Joktan (Gen. 10)
75 Seun van Elifas (Gen. 36)
79 Dokument van jouself
80 Weggevoer is die eer uit Israel (1 Sam. 4)
83 Eetmaal
85 Ou registrasie van Maltahöhe
86 Dankie
87 Binne
89 Grensdorp in Aser (Jos. 19)
92 Smartkrete klink (Jer. 48)
96 Amàsia se ouderdom (2 Kron. 25)
97 Vrou van Esau





# Pligsgetrou en Roepingsbewus

In die arbeidswêreld sien ons vandag die grootste chaos en wanorde vanweë stakings en onluste deur werknemers wat, volgens hulle vakbonde, onregmatig deur die werkgewers behandel word. Die wil van die werknemer kom hiermee in direkte konfrontasie met die wil van die werkgewer. Dit is die duidelike gevolg van die wanvoorstelling waarmee mense getiranniseer word, naamlik dat jy jou eie wil moet volg om in jou werksplek vryheid te verkry en lewensgeluk vir jou te waarborg.

Die huidige wêreldgebeure toon duidelik dat die teenoorgestelde die waarheid is. Iemand wat deur dik en dun sy eie wil volg, vereng sy lewe en word 'n tiran in sy werkplek. Die mens wat konsekwent aan sy eie wil vashou word 'n gebondene. Hy kan nie links of regs nie. Hy kan naderhand niks anders as om agter sy eie wyse neus aan te loop nie. Hy het 'n slaaf van homself geword. Hierdie vorm van slawerny is die ergste van alle slawerny binne die werkplek.

Vanuit die Bybel leer en bely ons dat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat. In die eiewil van ons hart brand daar dus die onheilige vuur teen God as Koning en teen sy wil. Die deurdryf van die menslike wil binne 'n eie selfgeskepte koninkryk, is die oorsaak van die chaotiese toestand in die werkplek.

**Ons arbeid binne God se Koninkryk**

Die ordeloosheid van ons wêreld roep na die erkenning van God as Koning en na die gehoorsaming van sy wil wat nuwe orde sal bring. God het die aarde en die lewe daarop geskape en dit aan sy wette gebind. Hy is die Skepper en Koning oor alles. Sy koningswil is die uitdrukking van sy liefde, sy waarheid en sy goedheid. Hiervan laat Hy niks los nie, veral ook nie binne die mens se werkplek nie.

God het geen genade vir die kwaad wat bots met sy wil nie. Dit moet alles uitgeroei word. Hy is wel genadig en geduldig met die kwaaddoener (sondaar). Deur sy liefde skenk Hy sy Eniggebore Seun om ons van die kwaad en sonde te verlos. Slegs as wedergebore Christene kan en moet ons met blymoedigheid bid: Laat U koninkryk kom en laat nie my wil nie, maar U wil geskied (Matt. 6:10).

**Ons arbeid binne God se wil**

Jesus Christus was self op die aarde om 'n spesifieke taak te verrig. Hy moes God se verlore sondaarkinders weer vrykoop uit die slawerny van Satan om hulle te plaas binne die vryheid van God se koninkryk. Binne die drukte van sy werk – die lande was al wit vir die oes (Joh. 4:35), het Jesus verklaar: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te volbring" (Joh. 4:34).

Wat Jesus hiermee bedoel, moet ons goed verstaan. Om God se wil te soek, is geen bysaak waaraan 'n mens kan dink as jou basiese behoeftes aan liggaamlike versadiging en lewenssekerheid eers vervul is nie. Dit is nie iets waarmee jy jou lewensmaal godsdienstig kan afrond nie. Nee, om God se wil te doen, is ons voedsel, dis die hoofmaaltyd van die lewe. Dit is uiters noodsaaklik vir ons ewige lewe (Matt. 7:21). En as ons aan Christus verbonde is soos die ranke aan die wingerdstok, dan sal dit ons voedsel wees om die wil van ons hemelse Vader ook in die werkplek te doen.

Teen hierdie agtergrond sien ons die verskriklike erns van die derde bede: "Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde." En volgens die Kategismus vra ons, ons hemelse Vader daarmee: "Gee dat ons en alle mense ons eie wil versaak, om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees."

*Vervolg op bladsy 7.*



*Vervolg vanaf bladsy 6.*

Met gehoorsaamheid kan daar nie geknoei word nie. Morrende gehoorsaamheid is in wese ongehoorsaamheid. Halfhartige gehoorsaamheid is slawerny. Dit gaan hier om 'n blye en opregte pligsgetrouheid, sonder om te kla, sonder wantroue en teësin.

**Ons arbeid moet pligsgetrou wees**
Reeds voor die sondeval, binne God se volmaakte skepping, ontvang die mens as deel van God se seëninge die opdrag om die aarde te onderwerp en daaroor te heers (Gen. 1:28). Werk is dus nie straf vir die sonde nie. Werk word bloot moeilik vanweë die sonde. Maar nou het iets wonderliks terselfdertyd gebeur: juis vanweë die sondeval en die verlossing in Christus kan ons nou in 'n besondere sin, nog meer as vantevore, God se verteenwoordiger en beeld wees.

Binne 'n wêreld waarin sondige mense besoedeling, vernietiging en onordelikheid bevorder, moet ons as gelowiges in Christus, ons Verlosser, weer orde en rustigheid en bewaring tot stand bring. Ons doen dit ook as beelddraers van God. Hy werk tot nou toe. Hy is getrou in sy onderhouding en regering van hierdie wêreld, asook in sy voorbidding vir ons by die Vader, asook in sy troos en bemoediging van ons elke dag. Daarom is ons ook geroep om in ons arbeid pligsgetrou te wees.

God het 'n duidelike afsku in luiheid, ontrouheid en nalatigheid. Dit is baie duidelik uit die volgende teksgedeeltes, Eks. 20:9; Spr. 6:6; Spr. 18: 9; 2 Tess. 3:10.

**Ons arbeid as geroepenes**
In die arbeidswêreld staan ons in verskillende beroepe. Dit maak nie saak wat jou beroep is nie, onderwyser, klerk, boer, bouer, huisvrou, tuinier of wat ookal. God het aan ons elkeen sekere talente gegee en ons word deur hom geroep om daarmee te woeker. Op die oordeelsdag sal Hy van ons wil weet wat ons met ons talente gedoen het. As geroepenes van die Here is ons heel eerste aan Hom 'n antwoord skuldig oor wat ons in ons arbeid verrig het.

As geskape kinders van die Here wat in Christus nuut gemaak is, bly dit ons wonderlike strewe om Hom in volmaakte trou te gehoorsaam. Soos verloste vrywilligers word ons geroep om Hom in ons werkplek met dankbare blymoedigheid te dank en te eer. Volkome gehoorsaam en aan Hom toegewy, net soos sy geskape engele in die hemel.



*Ds. Sarel Cilliers*

# Redaksioneel

Elkeen van ons het sekere basiese middele soos huisvesting, klere en kos nodig om te kan lewe. Die Here gee aan ons die vermoë om te kan werk, sodat ons ook kan voorsien in hierdie middele. Deur jou arbeid verdien jy 'n inkomste om die lewensmiddele aan te koop, jou gesin te onderhou en 'n sekere lewensstyl te bekostig.

Die Here gee ook reeds in Genesis 2 die opdrag om te werk. Gelowiges werk uit dankbaarheid vir God se reddende genade. In elke beroep moet almal ook saamwerk in die uitbouing van God se koninkryk. Ons hoor egter deesdae baie mense kla oor swak dienslewering, dat niemand meer trots is op hulle werk nie en dat jongmense nie meer uitsien om deel te word van die land se werkersmag nie. Die etiek van arbeid het 'n geweldige knou gekry. Mense verstaan die rede waarom hulle werk al meer verkeerd en selfs gelowiges is verward. Ons gee oudergewoonte in hierdie uitgawe positiewe Bybelse riglyne, spesifiek oor ons arbeid.

Prof. Paul de Bruyn raak **Relevant** deur *Ons Manier van Werk* te bespreek en daarna gee hy vir ons met **Ywer** praktiese handvatsels oor ons verantwoordelikheid as *Rentmeesters van God*. Ds. Sarel Cilliers stel 'n Bybelse **Mikpunt** oor hoe jy jou arbeid moet sien in die artikel, *Pligsgetrou en Roepingsbewus.* Ds. Lou Erasmus skryf vir ons oor *Stakings*. Henriëtte vertel die **Kuikens** van *Die Skepping van die Mens*, Ds. Hannes leer ons **Leef** met *Die vreugde van man-wees in Christus,* en Cynthia het 'n *Cadbury Sjokolade sous vir roomys* **Opgedis**. Ons **Leeslus** word aangewakker deur te kyk na 'n *webtuiste* wat in onderskeie onderwys en opvoedings behoeftes wil voorsien en hulp toeganklik maak vir Afrikaanssprekendes. Verder word daar ook 'n *audio uitgawe van die 33/53 ' Vertaling* van die Bybel bekend gestel. **Maatstok** meet die film van *Winnie the Pooh*, Dok Erich kyk na *Serviks kanker* en die voorkoming daarvan en Ds. Innes Nagel oordink *Kolossense 3:23* en D*ie Adel van Ons Arbeid*.

Ons almal kan gerus die jonges se rubriek, **Verbonde** lees. Ek het 'n Engelse artikel van Leslie Schwartz vertaal en aangepas, sodat ons kan leer om op te hou sê: 'ek het nie tyd nie!', veral as dit kom by *Geestelike roetines*, soos Bybelstudie, gebed en oordenking. Kyk uit vir ons **Bybel Blokraai** en **Wie is in beheer 4**.


Dit is ons bede dat die Kelkiewyn jou in jou geloofslewe sal toerus. Geniet elke eier hierin gelê en mag die roep van die Kelkiewyn in jou hart broeiplek kry en in jou lewe opvlieg!


**Redaksie**

**Redakteur**
Ds. Neil Prinsloo
redakteur@kelkiewyn.za.net
+264 81 -294 0055



**Taalsuiwerheid**
Tienie Duvenhage
info@uitspanhunting.com



**Bladuitleg**
Dina Adamson
DMA@mweb.com.na



# God beheer alles

In die vorige uitgawe het ons gesien dat God alle lewelose dinge in die wêreld beheer, soos die aarde, die lug, vuur en water. Hy beheer egter ook diere, mense en engele.

**God beheer die diere.**
Dit wys die Bybel baie duidelik. In Genesis 6:20 lees ons dat voor God die vloed gestuur het, het Hy twee van elke soort dier in die ark wat Noag gebou het, laat ingaan. Hierdie diere is deur God beheer. In Eksodus 8 word die plae wat God oor Egipte laat kom het, beskryf. Daar lees ons oor paddas wat uit die Nyl gekom het en in die koning se paleis en in sy diensknegte se huise ingegaan het. God het selfs die paddas in die mense se beddens en oonde laat ingaan - plekke waar paddas gewoonlik nooit ingaan nie. Daarna het baie vlieë Egipte ingeneem, maar geen vlieg het naby die plek gekom waar God se kinders was nie. Vervolgens het God die Egiptenare se beeste siek gemaak, maar die beeste wat aan God se kinders behoort het, het nie siek geword nie. Sien u hoe God deurentyd in beheer was van hierdie diere?

In 1 Konings 17:2-4 lees ons dat God vir sy profeet Elia gesê het om by 'n stroom te gaan woon waar kraaie hom sou voer. Die kraaie het die kos na God se dienskneg geneem in plaas daarvan om dit self te eet. Daar is menige stories soos hierdie in die Bybel wat wys dat God diere beheer: God het die monde van die leeus gesnoer toe sy dienaar Daniël in hul hok gegooi was; God het 'n groot vis voorsien om sy dienskneg Jona in te sluk en hom weer uit te spoeg op droë grond toe God dit beveel. Dus is dit waar - God beheer diere. Hulle doen presies wat Hy wil hê hulle moet doen.

**God beheer mense sowel as diere.**
Hoewel dit moeilik is om te aanvaar, moet u besef dat dit waar is, want God is of in volle beheer of iemand anders beheer vir God. Of God kry sy sin, of mense kry hulle sin. Watter een hiervan is nou waar? Dit is waar dat sommige mense God haat maar dit beteken nie dat Hy hulle nie op een of ander manier kan gebruik wanneer Hy wil nie. Dit is nie genoeg om te sê dat God die slegte effek van mense se bose dade kan stop nie. Ook is dit nie genoeg om te sê dat Hy eendag die bose mense sal straf vir wat hulle gedoen het nie. God is so groot dat elke daad van selfs die slegste mense heeltemal onder sy beheer is. God is so groot dat so 'n bose mens in der waarheid doen wat God gesê het gedoen sal word - al besef die bose mens dit nie eers self nie. Dit is presies wat gebeur het met Judas, die man wat Jesus Christus verraai het aan hulle wat Hom gehaat het. Kon enigiemand meer boos as Judas wees? Dus, as Judas gedoen het wat God besluit het gedoen moes word, is dit tog logies dat bose mense doen wat God gesê het moet gebeur.

Ons wil nie argumenteer oor die onderwerp nie. Ons wil eerder wys wat die Bybel sê. In Handelinge 17:28 lees ons "*want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons*". Dit is gesê van mense wat nie Christene was nie en wat gelag het oor die gedagte dat Jesus uit die dood opgestaan het. Maar dit blyk dat selfs wat daardie mense gedoen het, onder God se beheer was. Uit Spreuke 16:9 leer ons dat hoewel die hart van die mens sy weg self uitdink, God sy voetstappe rig. Die verhaal van die ryk dwaas in die Nuwe Testament (Lukas 12:16-21) wys hoe waar dit is. Dit vertel hoe 'n man beplan het om 'n groot skuur te bou om sy hele oes te berg. Hy het beplan om sy lewe te geniet, maar God het anders beplan en dit was God se plan wat tot uitvoer gekom het, want God het gesê dat die dwase man daardie selfde nag sou sterf.

Dit is nooit korrek om te sê dat mense teen God se wil kan handel nie. Dink maar aan die volgende Skrifgedeeltes: Job 23:13 vertel ons dat God doen wat Hy wil; Spreuke 21:30 sê dat daar geen wysheid, geen raad teenoor die Here is nie; Jesaja 14:27 wys dat wat God besluit het deur niemand verander kan word nie.

Die Bybel leer duidelik dat elkeen se handelinge, goed en sleg, deur die Here God beheer word. Mense mag dink dat hulle sterker as God is, hulle mag teen Hom rebelleer, maar God lag vir hulle dwaasheid en swakheid. Hy is so 'n groot God dat Hy hulle kan vernietig wanneer Hy wil.

**God beheer ook die engele.**
Die engele is God se boodskappers. Hulle luister na God en voer sy bevele uit. Self die boosste engele gehoorsaam God. Satan self is ten volle onder God se beheer. Satan was onmagtig om God se dienskneg Job aan te raak totdat God hom toestemming gegee het. In Matteus 4:11 lees ons dat Jesus vir Satan gesê het om weg te gaan en Satan het Hom onmiddellik verlaat. In die laaste dag sal Satan in die poel van vuur wat vir hom en sy engele gereed gemaak is, gegooi word.

**God regeer!**
Hy beheer alles - lewelose dinge, diere, mense en engele, ook Satan self. Niks in die heelal gebeur tensy God so wil nie. Hulle wat glo in so 'n magtige God het vrede in hul harte. Vertroue in so 'n groot God gee 'n gevoel van sekuriteit wat geloof versterk. Dit is nie die noodlot, onbeheerste boosheid, die mens of Satan wat die wêreld regeer nie. Dit is die Here God Almagtig wat deur sy eie goeie wil regeer, vir sy eie, ewige heerlikheid!

**Lees ook:**
Psalm 135:5-6; Openbaring 4:11; Johannes 1:3; Psalm 115:3; Psalm 115:15; Hebreërs 1:10

*Willem Swanepoel het die boekie " Who is in control?" vertaal. Grace Publications Trust het later goedgunstiglik ingestem dat dit gepubliseer kan word. Dit is beskikbaar by Woordverspreiding (+27-16-4921923).*






Verskillende vertrekpunte lei tot verskillende sienings. Jou standpunt oor stakings is geen uitsondering op hierdie reël nie.

**Oortreding teen God en sy gebod**

Van der Dussen beskou stakings as oortredings teen God en sy gebod. Hy stel dit só: Die (Bybelgetroue) gelowige leef steeds in hierdie wêreld, al is hy nie van hierdie wêreld nie. Daarom word hy teen sy sin en onwillekeurig by stakings ingesleep en moet hy hom daaroor verantwoord. Hy worstel met die probleem of hy sogenaamde 'nywerheidsoptrede' (staking) kan regverdig en daaraan mag of moet deelneem. Voorheen was die Gereformeerde standpunt duidelik en onomwonde: 'n Gelowige mag nie staak nie. Daar staan immers in 2 Tessalonisense 3:10: "As iemand nie wil werk nie, moet hy nie eet nie." Daar is ook die gelykenis van die arbeiders wat van vroegdag tot laatmiddag gehuur is en almal dieselfde loon ontvang het - dié wat een uur gewerk het, dieselfde as dié wat die hele dag gewerk het. In elkeen van hierdie gevalle gaan dit om wat die werker wil: As hy nie wil werk nie, kies hy doelbewus daarvoor. En hy verhuur hom vir 'n penning omdat hy dit wil doen. Tereg leer die Here Jesus dat geeneen van die huurlinge iets verloor of tekort gedoen word nie - elkeen ontvang die loon waartoe hy vooraf ingestem het (Matt. 20:1-15).

**Vasgevang in hierdie bestel**

Van Wyk benader die saak vanuit die denke van iemand wat in hierdie bestel vasgevang is en die beste daarvan moet maak. Sy vertrekpunt is: Ons Grondwet erken die reg van staking (art. 2.23.2). Dit is met ander woorde 'n grondwetlik verskanste reg. Elke burger, in hierdie spesifieke geval elke staatsamptenaar, het die reg om – indien hy/sy van oordeel is dat hy/sy nie 'n billike loon ontvang nie – aan 'n staking deel te neem. Van Wyk wys die praktyk van stakingsdeelname dus nie af nie en sien die rol van die kerk soos volg: "Die kerk sal deur middel van Woordbediening in sy wydste betekenis by gelowiges daarop aandring om onder alle omstandighede op te tree in ooreenstemming met die evangelie van Christus" (Fil. 1:27). Christene se lewenstyl word gekenmerk deur opbouende protes, en nie deur 'n vernietigende maak-en-breekhouding nie. Die kerk sal ook probeer om, indien moontlik, tussen die twistende partye te bemiddel, byvoorbeeld deur die regering te wys op swak lone en by die stakers te pleit op verantwoordelike optrede, en dat in alle geval 'n billike en haalbare kompromie noodsaaklik is. En ten slotte sal die kerk, dit wil sê elke gelowige, ook vurig bid vir die regering en vir die stakers, sodat 'n spoedige en bevredigende oplossing gevind sal word en alle dienste weer na normaal kan terugkeer.

**Sosiale bedingingsmeganisme**

Rheeder beredeneer die fyn nuanses van arbeids-etiek en arbeids-etos en stel: Omdat die hele lewe godsdiens is, en nie net 'n faset daarvan nie, is arbeid godsdiens, diens aan God. Daar bestaan nie so iets soos neutrale of ongodsdienstige arbeid nie. Dit beteken dat al my werk primêr vir die Here is (1 Kor. 10:31) en sekondêr vir myself of iemand anders. Geen werk is neutraal en net gerig op myself of my medemens nie (Rom. 14:8-9). Werk só gesien, sal deur God, selfs as jy slaap, geseën word (Ps. 127:1-2). Tog eindig sy redenasie in 'n dowwe kol, wanneer hy sê: Uit 'n Christelike oogpunt hoef stakings (loonstakings en boikotte) nie afgewys te word nie. Stakings is 'n sosiale bedingingsmeganisme om uitbuiting en onreg teen te gaan. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die Skrif met 'n harmonie-model (teenoor 'n konflik-model) werk, wat beteken dat die weg van oorlegpleging, onderhandeling en arbitrasie die eerste keuse moet wees in die oplossing van 'n geskil.

Moet ons egter reg en verkeerd laat bepaal deur ons persoonlike oortuigings? Mag ons as kinders van God keuses maak wat die genade van die kruis onbetuig laat in sekere sake? Of is ons juis geroep om soutende sout en ligtende lig te wees?

**Jou vertrekpunt bepaal jou eindpunt**

Ons geloof in God se redding deur sy Seun, moet al ons denke en optrede bepaal, sodat ons "elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus." (2 Kor. 10:5) Ons roeping is om elke dag die Here "lief te hê uit ons hele hart en uit ons hele siel en uit ons hele krag en uit ons hele verstand; en ons naaste soos onsself." (Luk. 10:27)

**Liefde tot Christus**

Liefde tot Christus moet ons lei om Hom te soek en dien, ons tot Hom te bekeer en vir Hom te lewe. Die kruis van Christus dring ons tot liefde vir Hom, die opstanding van Christus roep ons tot ywerige navolging en die vooruitsig op die Wederkoms van Christus gee ons geloofsmoed en krag om te volhard. Ons leef nou, danksy God se liefde vir sondaarmense, in 'n genade-gebaseerde lewe. Dit verander nie die reëls van ons wêreld nie, hulle bly sondegebonde, maar die genade in Christus verander wel die redes waarom ons sekere keuses maak. Ons dien Christus omdat Hy ons eerste liefgehad het en ons Hom in dankbaarheid liefhet, nie omdat ons Hom wil oorreed om ons ter wille van verdienste lief te hê nie.

*Vervolg op bladsy 11.*



# Tuishulp

## Leerhulp in jou taal!

Baie kinders het van tyd tot tyd addisionele oefeninge of aktiwiteite nodig om optimaal te presteer op skool.

Onderwysers soek soms materiaal om 'n les aan te bied. Soms het jy bloot ouerskapswenke nodig. Tuishulp wil in hierdie behoeftes voorsien en maak hulp toeganklik vir Afrikaanssprekendes.

**Gereelde gesonde wenke stimuleer gesprek**
Gereelde gesprek word gestimuleer deur ouerskapswenke op die ondersteuningsgroep te plaas en dan kan lesers daarop reageer en gedagtes uitruil.

Hier volg 'n paar van die wenke se onderwerpe:



Skoolgereedheid: Algemeen, Emosionele ontwikkeling; Selfbeeld; Selfhelp; My kind en reëls; Studiewenke: Gehoorprobleme, Aandagafleibaarheid, Probleme met praat; Skryfprobleme, ens.

**Opvoedkundige artikels**

Verskeie opvoedkundige artikels wat geskryf is deur 'n opvoedkundige sielkundige is beskikbaar om te lees:

Die Regte Skool vir my kind; Dominansie en Kruising van die Middellyn; Emosionele Intelligensie; Leer Skryf; Leermetodes; Tuishulp met Leeswerk; Linkshandige Kinders

**Produkte**
Jy kan ook gaan kyk na verskillende produkte wat te koop aangebied word.

84 Onderskeie Plakkate; 32 CD's en DVD' s; 103 Flitskaarte; 245 Werksvelle en aktiwiteite; 6 Stories en toneelstukke; 6 Artikels; 4 Resepte; 12 Sagteware produkte ; 3 Klanklêers (MP3 formaat)

**Gesels verder saam**
Onder die *gesels saam*-opsie kan jy inskakel op gesprekke oor die volgende onderwerpe:

Leerprobleme; Skoolgereedheid; Gedrag; Dissipline; Raad en wenke; Ander; Entrepreneurs – of Markdag.

Maak gerus gebruik van die leersame webtuiste: **http://www.tuishulp.co.za**



# Bybel op MP3

Met hierdie uitgawe stel ons iets om na te luister bekend. Die beste verkoper van alle tye is nou in MP3 formaat beskikbaar. Dis natuurlik nou die Bybel. Die volledige Bybel (1933/53 – vertaling) is beskikbaar op klankbaan en kan as kompakte versameling van die Ou Testament en Nuwe Testament aangekoop word. Die Ou Testament bestaan uit 6 cd's die Nuwe Testament uit 4 cd's.

Stemkunstenaars lees die Bybel voor met musiek in die agtergrond. Ideaal vir daardie tye op die pad of vir mense wat sukkel om te lees.

Skakel met Aletta Prinsloo van Danaldij Boekhandel by: (081) 376 6821

Prys: N$ 390.00

(Let wel: Die Ou en Nuwe Testamente is nie apart beskikbaar nie.)



# Cadbury Sjokolade sous vir roomys




Dit is amper weer somer en somer is sinoniem met roomys. Ek weet van 'n paar mense wat lief is vir roomys met sjokolade sous, maar om die sous te koop, is nie so goedkoop nie en om dit self te maak is baie lekkerder. Hier is dus 'n vinnige sjokolade sous resep.

1 1/2 koppie melk
1 1/2 eetl. mielieblom (Maizena)
4 eetl. Cadbury Bournville Cocoa poeier
4 eetl. Strooisuiker
30g Botter
1 tl. Vanilla geursel
2 eetl. Room

Meng die melk, mielieblom, cocoa en strooisuiker tot klontvry in 'n pot. Plaas oor matige hitte. Roer aanhoudend tot die mengsel kookpunt bereik. Kook vir 2 min. aaneen en roer kort-kort. Verwyder van die hitte en roer die botter by totdat dit gesmelt is. Laat die sous effens afkoel en roer die vanilla geursel en room daarby. Gooi die sous in 'n gesteriliseerde bottel en bêre.

*Cynthia de Smit*






# Servikale kanker

**Wat is servikale kanker?**
Servikale kanker is een van die twee mees algemene tipes kanker by vroue en word deur miljoene vroue dwarsoor die wêreld gevrees. Servikale kanker is kanker van die selle van die serviks of die mond van die baarmoeder of uterus.
Dit kan genees word indien dit in 'n vroeë stadium opgespoor en behandel word. Indien dit nie vroeg gediagnoseer word nie, het dit fisies en psigies 'n vernietigende effek op 'n vrou.



**Simptome?**
Simptome van servikale kanker is baie vaag en non-spesifiek, veral vroeg in die verloop van die kanker. Later kan vroue bloeding, blaas- en rektum klagtes en pyn beleef. Dit is ongelukkig baie slegte tekens, want dit beteken dat die kanker reeds versprei het na die blaas, rektum en bekken.

**Hoof oorsake van servikale kanker**

- Die menslike papilloom virus.
- Aktiewe sekslewe tydens puberteit.

**Wie loop die gevaar om servikale kanker te ontwikkel?**

- Persone wat van 'n vroeë ouderdom seksueel aktief is.
- Indien jy of jou liefdesmaat baie seksmaats het, of gehad het.
- Indien jy 'n seksueel oordraagbare siekte het, of gehad het.
- Indien jy reeds swanger was en geboorte gegee het.
- Indien jy rook.

**Bestryding**

- Seksuele kuisheid voor die huwelik.
- Jaarlikse ondersoeke (papsmere) om servikale kanker op te spoor en vroeg te behandel.
- 'n Reeks van drie spuite wat indien dit vroeg/voor seksuele aktiwiteit gegee word servikale kanker kan voorkom. Ouer vroue kan dit ook gebruik mits hulle nie alreeds die papilloom virus opgedoen het nie.

Besoek jou dokter, toets vir die papilloom virus en doen die jaarlikse PAP-smere. Vra ook jou dokter oor die vaksinasie spuite van CERVARIX uit.



*Dr. Erich Kesslau*

*Vervolg vanaf bladsy 9.*
Wanneer die genade van die kruis ten volle omhels word, word God se wet vir die Christen nie geskrap nie, maar word dit eerder iets kosbaar om te koester. Ons wil wegdraai van die sonde (Rom. 2:4), wat Hom wat ons liefhet, bedroef (Ef. 4:30).

**Gesag kom van God**
Ek bely dat daar geen gesag oor my gestel is wat nie van God kom nie (Rom. 13:1), dat dit my ten goede werk (Rom. 13:4), sodat ek genoodsaak is om my te onderwerp (Rom. 13:5). Paulus leer juis dat "die genade van God ons leer om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën" (Tit. 2:12). Ons geveg in onsself om nie toe te gee aan ons ou sondige natuur en self ons saak te wil besleg nie, is 'n voortdurende stryd, wat deur herhaling ons geloofsvertroue spiere gee, soos ons fiks raak om elke gedagte te fokus, elke keuse te oorweeg in die lig van die vraag: Hoe dien ek Christus hier en nou die beste?

**Die antwoord is ooglopend**
Nie deur dit wat die wêreld of meerderheidsopinie voorskryf nie. Ons moet onthou: As ek as Christen staak, bely ek in my openbare optrede dat Christus se regering oor my gebrekkig is / veel te wense oorlaat, en dat ek nie met sy beskikking oor my tevrede is nie. Hoe is ek dan ligdraer?

Watter getuienis verheerlik Jesus as dié Christus :

- wanneer Christene saam toi-toi in openbare ontevredenheid,
- of juis die kragtige getuienis van stille vertroue op die HERE van alle Here?

Mag God gee dat ons keuses altyd sy Eer en Lof en Heerlikheid verkondig, tot diens van sy ewige koninkryk!



*Ds. Lou Erasmus*

**Bronnelys**
Die Kerkpad. November 1999. Die gelowige en die praktyk van staking. Dr. P. Van der Dussen.

Die Kerkblad. Januarie 2004. Arbeidsetiek. Dr. Riaan Rheeder.

Die Kerkblad. Julie 2007. Hoofartikel : Die Christen en stakings. Prof. J. H. Van Wyk.



# Winnie The Pooh

**Verspreider:** *Walt Disney*
**Regisseur:** Stephen J. Anderson, Don Hall
**Skrywer:** Peter Del Vecho, Clark Spencer

*Winnie The Pooh* het in Julie verskyn in Amerika en behoort ons in 2011 te bereik in die teaters. Dis die eerste *Pooh* fliek op die grootskerm in meer as vyf en dertig jaar!

### Inhoud

Die film het 'n baie sterk morele wêreldbeskouing van selfopoffering en liefde en hulp aan mekaar as inhoud. Daar is geen vuil taal, onheiligheid of obskure grappies in nie. Ligte geweld is wel in die film, maar dit is gesonde vermaak. Pooh gooi byvoorbeeld vir Tigger in 'n byenes, Tigger bons oor ander en Haas klap vir Pooh, wat geen afstootlike geweld is nie. Daar word geen seks, geen naaktheid, geen alkohol en geen rook in die film uitgebeeld nie.


### Storielyn

Pooh en sy vriende vind misterie en avontuur in die Honderd Akker Bos. Dis 'n avontuur vir die hele gesin. Die fliek begin, soos ons die meeste verhale ken met Pooh en al sy vriende wat as speelgoed in Christopher Robin se kamer sit. Die storielyn begin met Pooh wat wakker word en aan heuning dink. Om heuning te soek, raak dan ook sy hoofgedagte in die hele film. Eeyore verloor soos gewoonlik sy stert. Almal spring in om te help soek en die beloning … 'n pot heuning. Gedurende die soektog vind hulle Christopher Robin se huis. Op die huis se deur verstaan Uil die nota op die deur verkeerd en vertel aan almal dat 'n monster vir Christopher gevange geneem het. Dis natuurlik nie waar nie. Hy is bloot besig om sy lewensverhaal saam te stel. Die getroue vriende besluit natuurlik om onmiddellik in te spring en die monster te beveg en Christopher te red. Deur die verloop van die film leer elke vriend op 'n ander manier selfopoffering deur bystand te verleen aan 'n ander.

### Opsommend

Dit voel asof jy in die klassieke Pooh boeke inspring. Jy en jou gesin sal vermaak word met 'n klassieke storielyn van hulp aan mekaar, ongeag wat die omstandighede is. Al die bekende karakters is weer hier te sien. *Winnie The Pooh* kan moreel aanbeveel word en is baie goed geproduseer.





## Blokraai oplossing

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | A | L | O | M | O | | | D | E | K | A | L | O | O | G |
| A | | E | | A | M | P | S | R | U | S | | A | G | E | E |
| M | | V | | G | | | E | A | | | O | | | | |
| U | R | I | A | | B | E | N | A | B | I | N | A | D | A | B |
| E | E | T | | N | E | B | U | K | A | D | R | E | S | A | R |
| L | E | I | E | R | S | | | | | | E | | | | |
| | N | K | | | M | O | N | O | T | E | I | S | M | E | |
| | B | U | I | T | E | N | G | E | W | O | N | E | | L | |
| B | O | S | K | A | T | | | W | | N | E | S | I | A | G |
| R | O | | O | M | T | O | W | E | R | | | | N | D | |
| O | G | | N | A | I | N | | R | E | H | A | B | E | A | M |
| D | | V | I | R | N | I | K | S | | O | M | | | | |
| D | R | A | U | | G | N | | | E | S | E | G | I | E | L |
| E | N | | M | | E | G | I | P | T | E | N | A | R | E | |
| L | | A | | M | | E | L | I | S | A | | S | | | B |
| A | B | I | M | A | E | L | | R | | | | O | M | A | R |
| A | E | | I | D | | I | K | A | B | O | D | | E | T | E |
| R | S | | S | M | | G | | T | A | | I | N | | | G |
| | N | E | I | E | L | | G | O | R | O | N | A | J | I | M |
| V | Y | F | E | N | T | W | I | N | T | I | G | | A | N | A |

Webtuiste: http://www.cbmw.org/



# Die Raad vir Bybelse Manlikheid en Vroulikheid

## 'The Council on Biblical Manhood & Womanhood'

In 1987 het 'n groep predikante en studente bymekaar gekom om hulle bekommernisse oor die invloed van feminisme in die samelewing en kerk te bespreek. As gevolg van die wydverspreide verval van die Bybelse verstaan van manlikheid en vroulikheid en die tragiese uitwerking wat dit het op die huis en die kerk, het die manne en vroue *The council on Biblical Manhood and Womanhood* (Die raad vir Bybelse manlikheid en vroulikheid) gestig.

'n Organisasie soos die CBMW is nodig omdat die geslagskwessie so kompleks is en die gevolge van oortreding van God se Woord in hierdie gebied so verwoestend is. Ons hoop dat julle sal voordeel trek uit die bediening van die CBMW. Hulle wil die kerk help om Bybels met geslagskwessies om te gaan.

**Wat jy op hulle webtuiste sal vind**

**Bybelse Antwoorde**
Vind antwoorde oor Bybelse manlikheid en vroulikheid deur hulle soekenjin. Jy kan kies uit bronne op die tuiste self of verskeie tuistes wat saamstem of nie saamstem met CBMW se standpunte nie. Jy kan hulle ook kontak vir persoonlike antwoorde op jou geslagsvrae.

**Nederige gehoorsaamheid**
Soliede Bybelse bestudering met 'n gees van Christelike liefde en nederigheid word in die argiewe versamel. Alle artikels wat oor die afgelope 12 jaar geskryf is, is aanlyn beskikbaar. CBMW bespreek alle moontlike boeke en belangrike artikels wat oor Bybelse manlikheid en vroulikheid gepubliseer is. Al hierdie boekresensies van die afgelope 10 jaar is versamel om jou eie boekaankope te evalueer.

**Geslagsnuus**
Die nuwe geslagsblog verbind Bybelse kommentaar met resente ontwikkeling in die kerk en die wêreld. CBMW ondersoek deurlopend nuus en stel dit alles beskikbaar op een plek, sodat jy ingelig kan bly. Opkomende konferensies waar CBMW raadslede optree of waar ooreenstemmende organisasies optree, word gepubliseer vir inligting.

**Aanlyn Winkel**
CBMW verskaf boeke, konferensie DVD' s en ander bronne in die aanlyn winkel om kerke en individue te dien.

**Aanmoediging**
Preke, konferensies, klankbane en artikels van regoor die wêreld word ingesluit vir praktiese begeleiding om God se ontwerp vir mans en vrouens tuis in die kerk en in die wêreld uit te lewe.

CBMW se doel kan saamgevat word: Om die beste God-gesentreerde, Bybels-gebaseerde bronne aan te bied om God se glorieryke ontwerp vir mans en vrouens bekend te stel.

*Vervolg vanaf bladsy 3.*

**4. Aardse besittings is nie minderwaardig nie**
Aardse besittings moet nie as minderwaardig beskou word nie. Dit is nie waar dat net die siel van die mens vir God belangrik is nie. Die mens se *hele lewe* is vir God belangrik, en dié lewe sluit ook die aardse besittings in. Dit is God self wat die besittings aan hom gegee het met die roeping om rentmeester daaroor te wees. Uit die Skrif is dit duidelik dat dit God is wat rykdom aan sekere mense soos Jakob (Gen. 31:9; 33:11) en Salomo (1 Kon. 3:13 en Job 42:12) gegee het. Die Here sal rykdom nie as 'n seën aan sy kinders gee as dit verkeerd is vir hulle om besittings te hê nie.


**5. Aardse besittings is nie die een en al nie**
Aardse besittings moet nie as die belangrikste in die lewe van die mens beskou word nie. Dan maak jy daarvan 'n afgod en verval jy in *materialisme*. Mense wat dit doen, vergeet dat alle eiendom waaroor hulle beskik deur God aan hulle as rentmeesters gegee is om tot sy eer en tot welsyn van hulle medemens te gebruik (vgl. Hos. 2:7, 8).

**6. Die band tussen die mens en sy besittings**
Tussen die mens en sy besittings is daar volgens die Skrif 'n baie nou band. Hierdie band is so nou dat selfs gesê kan word dat die besitter in sy besittings bestaan, of anders gestel, dat die besittings 'n bestaansvorm van die besitter is (vgl. Gen. 30:43; Deut. 28:8, 11, 12). Om hierdie rede word die mens psigies geweld aangedoen as van hom geëis word om innerlik los van sy aardse besitting te lewe. Aan die ander kant is dit uit die Skrif ook duidelik dat 'n mens nie so aan die aardse besittings verknog moet wees dat hy nie daarvan kan afstand doen nie (1 Kor. 7:30-31). Die Christen moet veral bereid wees om, as dit nodig is, van al sy aardse besittings afstand te doen ter wille van die koninkryk van God (Mark. 10:17-22).

Hoe belangrik 'n mens se besittings ook al vir hom is – en moet wees – moet hy nooit vergeet nie dat sy stoflike besittings deel vorm van die tydelike lewe en dat dit op sigself minder belangrik is as die ewige lewe (Matt. 16:26; Luk. 12:21).



*Prof. Paul de Bruyn*



# Skep tyd vir Geestelike Roetines – Hoe is dit ook nog moontlik?

Hoe is dit moontlik om, met alles wat vandag verwag en vereis word van jou, tyd in te pas vir God?

'n Professor gaan staan voor in die klas en hou 'n groot glasfles op. Langs hom lê 'n klomp groot rivierklippe, 'n klomp kleiner klippies en 'n emmer vol seesand. Terwyl hy sy koffiebeker neersit vra hy die klas, 'Hoe sal julle al die materiaal suksesvol in die fles kry?'

Die studente het begin om hulle gedagtes onderling te deel. Einde ten laaste het 'n moedige student voorgestel om eerste die grootste voorwerpe in te pas en dit dan verder op te vul met die kleiner voorwerpe. 'Baie goeie idee,' het die professor gesê en hom geroep om na die voorkant van die klas te kom en sy teorie te demonstreer. Die student het die groot klippe versigtig begin inpas, daarna die klein klippies en laaste die sand. Die res van die klas het staan en kyk hoe die sand die klein ruimtetjies gevul het, totdat die fles heeltemal vol was.

'Wat sou gebeur het as die fles op die teenoorgestelde manier volgemaak is? Sommige van die voorwerpe sou nie in die fles kon pas nie, want die sand sou die grootste deel van die fles opneem, reg?' Die klas het saamgestem.

'As die fles dan jou lewe is, wat is die grootste klippe in jou lewe?' het die professor gevra.
Daar is sekere dinge wat die hoogste of anders gestel, grootste prioriteite in jou lewe behoort te wees, die dinge waarvoor jy moet tyd maak, maar ons vul dikwels ons lewens met die minder belangrike dinge, die sand wat ons tyd en energie in beslag neem en ons fokus wegneem van die werklike belangrike dinge in die lewe.

Terwyl hy die koffiebeker optel vra hy die klas: 'Kan enigiets anders in hierdie fles pas?' 'n Paar studente het hulle koppe geskud, terwyl ander verwonderd staar. Die professor het voortgegaan om stadig die res van sy koffie in die fles te gooi, en die bruin vloeistof het vinnig in die sand weggesak.

'Wat leer dit vir ons?' het hy gevra. 'n Student in die voorste ry skiet vinnig terug, 'Daar is altyd plek om nog iets in te pas!' Die klas het uitgebars van die lag, omdat hulle weet hoe besig 'n mens kan wees. 'Nie regtig nie', het die professor gesê. 'Terwyl jy kan probeer om altyd nog iets in te pas simboliseer hierdie koffie eintlik jou verhoudings wat jy nodig het om in stand te hou, selfs wanneer jou lewe se fles lyk of dit heeltemal vol is. Al is jou fles vol is dit steeds nodig om 'n koffiebreuk te neem.'



Hierdie verhaal het verskeie variasies, maar elkeen probeer jou leer om die grootste klippe in jou lewe te identifiseer, voordat jy begin om die res van jou lewensfles te vul.

Die meeste mense besef nie dat hulle nie genoeg tyd vir hul belangrikste prioriteite skep om sodoende 'n gesonde lewenstyl te hê nie. Die verhoudings met goeie vriende en familie en die fokus op hulle geestelike lewens word dikwels nagelaat, omdat al hulle tyd reeds belê is in ander aktiwiteite.

Met al die eise wat deesdae aan ons gestel word, word tyd maak vir die ontwikkeling en instandhouding van 'n diep en blywende verhouding met God dikwels eenkant toe gestoot as gevolg van 'n reeds oorvol lewe. Alhoewel ons verhouding met God die grootste rots in ons lewens moet wees, pas dit dikwels nie in die fles van ons lewens in nie. Meestal het mense nie meer tyd vir 'n breuk saam met God nie, omdat ons lewens bloot te vol is.

Dit is maklik om verskonings te kry om hierdie geestelike roetines te verwaarloos, gegewe al die ander eise wat ons tyd en energie opvreet. Dink net wat jou lewe kan wees as jy meer geestelik verbind is, geestelik betrokke is en geestelik ondersteun word. Koning Dawid is 'n goeie voorbeeld van 'n jong man wat ernstig en voortdurend gesoek het na God (Psalm 63:1). As gevolg hiervan het Dawid aktief ontwikkel in sy verhouding met God. God het Dawid aangestel om 'n groot leier te wees en noem hom "'n man na sy hart"(1 Sam.13:14; Hand.13:22). Wat noem God jou?

Om God daagliks op te soek en 'n beroep op Hom te doen vir krag en ondersteuning, is noodsaaklik vir die handhawing van 'n sterk verhouding met Hom (Jes. 55:6). Doelbewuste en pro-aktiewe tyd maak vir gereelde gebed, Bybelstudie, en nadink oor Sy Woord klink egter meestal onmoontlik. Gebruik die volgende aksiestappe hieronder as 'n beginpunt om gesonde geestelike roetines te skep en te handhaaf.

**Wat is in jou fles?**
Neem 'n oomblik om te oorweeg wat jou lewenstyd opvul. Wat neem die meeste ruimte in beslag? Wat steek by die fles uit? Identifiseer die groot klippe.

*Vervolg op bladsy 15.*

*Vervolg vanaf bladsy 14.*
Bepaal nou wat jou grootste prioriteite is en sien toe dat jy genoeg spasie daarvoor geskep het in jou lewe. Wat het jy nodig om te verander of selfs te elimineer om meer tyd te maak vir soeke na ‘n dieper verhouding met God en geestelike gemeenskap met medegelowiges?

**Vul jou fles nou strategies.**
Noudat jy weet wat eerste in jou fles moet inpas, is dit tyd om te bepaal hoe hierdie groot klippe op ŉ gereelde basis sal inpas in jou fles. Besluit watter geestelike roetines jy wil ontwikkel in jou lewe. Miskien Bybelstudie, persoonlike gebed, gemeenskap van die gelowiges, ŉ geestelike verrykingskursus en nog baie meer. Bou dan jou ander aktiwiteite rondom hierdie roetines in plaas daarvan om afskeeptyd vir hulle te vind nádat jy jou skedule volgeprop het.

**Onthou om ŉ koffiebreuk te neem**
Die lewe is besig, en soms realiseer selfs die beste bedoelde roetines nie, al begeer ons om dit reg te kry. Onthou: As jy oorweldig voel en dink dat jy nie tyd het vir enigiets nie, neem dan steeds ŉ kort koffiebreuk en herstel jou verhouding met ons Heilige Skepper. Spandeer tyd op gebed of oordenking van Sy Woord, haal diep asem en spring dan terug in die besigwees van die lewe.

Deur doelbewus jou eie lewe te ondersoek en persoonlike geestelike gewoontes te skep, kan jy begin om te ontwikkel en jou verhouding met God te verdiep, terwyl jy jou besige lewe voortleef.

*Leslie Schwartz (Verwerk deur Redaksie)*

*Vervolg vanaf bladsy 4.*

Hy maak van ons werk wat met soveel swaar en sweet gepaard sou gaan, ŉ bron van lieflike seën. Hy gebruik ons werk om aan ons redding te skenk.

Hy wek in elke godvresende mens:

- Dankbaarheid vir jou werk, terwyl miljoene na werk smag.
- Intieme kontak met Hom, want jy werk nie vir ‘n baas of loon nie. Jy staan in God se diens.
- Rypheid vir al die gawes van die Gees.

Op pad werk toe, skool toe, kantoor toe, is daar met ander woorde drie stemme wat saamstap:

- God die Vader se stem: ‘Jy móét werk!’ “*Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen.*”
- Jesus Christus se stem: ‘Jy mág werk!’ Hy is elke dag jou Verlosser, ook van alles wat jou kan verhinder om te werk.
- Die Gees van God binne in jou: ‘Wonderlik, ek wíl werk!‘

So neem ons dan die stoflap, die skooltas, die lêer, die moersleutel - in die Naam van die Vader, die Seun en die heilige Gees op. Dan sal ons van Hom hoor: “*Mooi so, goeie en getroue werker. Oor min was jy getrou. Oor baie sal Ek jou aanstel. Gaan in, in die vreugde van jou Here!*”



*Ds. Innes Nagel*



# Die Mens

**Genesis 1:26 – 31**

Nadat God die diere geskape het, het God gesien dat daar nog niemand op die aarde was wat Hom geken en liefgehad het nie. Daar was niemand wat Hom met woorde kon dank nie. Toe het God gesê: “Nou gaan Ek die mooiste van alles maak. Ek gaan ŉ mens maak. Hy sal mooier wees as die mooiste blom en edeler as die edelste dier. Die mens sal soos Ek lyk. Hy sal My ken en liefhê. Hy sal My dank en loof op ŉ ander manier as die blomme en die diere en die sterre.”

Omdat die mens heeltemal anders moes wees, het God hom ook op ŉ baie besondere manier gemaak. Hy het stof van die aarde geneem en ŉ liggaam daaruit gevorm. Hierdie liggaam was lewendig, want Hy het sy eie asem in die neusgate geblaas sodat die oë kon sien, die ore kon hoor, die mond kon praat, die hande kon voel en die voete kon loop. Dit was ŉ wonderwerk!

Maar die grootste wonder was dat die mens kon dink. Hy kon sê wat hy dink, en onderskei tussen goed en kwaad. So is die mens na die beeld van God gemaak.

Nou was God klaar met sy skepping. Alles was baie mooi en goed en die mens mag daaroor geheers het. God het alles wat op en onder die aarde was, vir die mens gemaak. Die mens moes natuurlik God dien en gehoorsaam, want die skepping is God se werk en sy eiendom. Hy mag met die mooi aarde gedoen het wat God wou hê.

Hoe ryk en gelukkig was die mens nou! Die aarde vol heerlikheid het aan hom behoort. Hy kon alles geniet. God het hom liefgehad en vir hom gesorg. Dit was ŉ salige lewe!

Henriëtte Grobler uit: *Bybel oorvertel vir Oud en Jonk*

# Man-wees in Christus... wat 'n vreugde!



Lees vooraf: Psalm 128

In aansluiting by ons vorige twee artikels in *Kelkiewyn* gee ek in hierdie uitgawe aandag aan die vooreg van man-wees in Christus. Soos God moeders roep en toerus om hulle verbondskinders te begelei, sodat hulle selfs in moeilike omstandighede voor die Verbonds-God kan lewe en oorleef, so rus God ook vaders toe. Soos God 'n vrou toerus om haar rol in die samelewing en in haar gesin vol te staan met 'n spesiale roeping van Hom af, net so rus God 'n man vir sy rol as man en vader toe vir spesifiek dit waartoe hy geroep word.

**Die roeping om lief te hê**
Die roeping oor die rol van die man en vader in die huis, word in 'n baie eenvoudige opdrag saamgevat: '*hê lief!*' Ons mans kan ons met baie dinge in hierdie ou wêreld besig hou, en ons lewens kan ook totaal ingesluk word deur daardie dinge. Die man en vader wat egter vir God eer, sal sy vrou en kinders ook liefhê en lei. Interessant dat die Bybel juis leer dat wanneer die vader hierdie opdrag van hom uitvoer, die Here sy seën sal gee aan sy gesin. Gaan lees gerus in Psalm 128 in hoe 'n oormaat die Here dan seën.

**Verstaan: God is in beheer**
'n Godvresende man verstaan ook dat God in beheer is en daarom hoef hy nie te oorheers nie. God dui die pad aan vir hom en sy gesin. Sy huwelik is in God se hand en sy verbondskinders is voor Hom. So 'n man begelei sy kinders in die diens van die Here.

**As geestelike leier begelei jy met die Bybel**
Soms voel dit vir ons of die samelewing uitmekaar val en die rol van mans en vaders al hoe minder word. Tog het God die man so geskep dat 'n ingebore drang na sorg en beskerming altyd daar sal wees. Die Godvresende man vou sy gesin toe teen die wêreld se aanslae, en bring hulle voor God. As geestelike leier van die gesin, wag die vader nie vir die wêreld om met al sy boosheid te oorweldig nie, maar bring sy gesin voor God. Hy begelei hulle met die Bybel.

**Bring jou gesin erediens toe**
Die statistieke wat aandui hoe min vaders nog hulle gesinne eredienste toe neem, is skokkend. 'n Godsvresende vader leer egter nie sy kinders om weg te bly van 'n erediens of om maar 'n Sondag '*af te vat*' nie. Daarom leer die Bybel ons dat 'n man wat in Christus voor God staan, se lewe getuig van integriteit, van roepingsbewustheid, van waardes en vaste beginsels.

**Maak tyd**
Die enigste manier om jou roeping as man te kan uitleef, is deur self 'n verhouding met God te bou, met jou vrou tyd te spandeer en omgeetyd vir jou kinders te hê. Met ander woorde, die Godsvresende man en vader maak *tyd vir God; vir sy vrou en vir sy kinders*. In die wêreld waarin ons leef, is '*tydmaak*' egter nie altyd maklik nie. Tydmaak stel jou as man voor keuses en vra opofferings. (*Vir 'n handige artikel om te leer tyd maak, lees ook Verbonde, bl. 14 – Red.)* Die Here beloof egter dat die man wat sy roeping uitleef die vrugte daarvan sal pluk. Sy vrou sal wees soos 'n vrugbare wingerdstok en sy kinders soos jong olyfboomplantjies (Psalm 128).

**Waartoe of waarvoor roep die Here mans?**
Ons leef in 'n tyd waarin baie vaders en mans 'n identiteitskrisis beleef. 'Waar pas ek in die samelewing in?' Dit is egter van die begin af die verkeerde vraag, want ons moet eerder uitkom by die vraag: 'Wie is ek vir God?' 'Waartoe of waarvoor het Hy my geroep?'

God het jou geroep om Hom te eer saam met jou gesin. Hierin moet jy voorgaan. Jy moet jou vrou liefhê soos jy jou eie liggaam liefhet en jou kinders moet jy grootmaak as geskenke wat jy van God af ontvang het. Dit is jou taak en jou roeping. Onthou, ons dien 'n hemelse Vader sonder foute en al is ons as aardse vaders vol foute, gebruik Hy juis mans in sy diens, en in sy verbond as verbondsvaders en voorgangers.

Mag ons samelewing en ons kerke versterk word deur mans en vaders wat die Here dien, hulle vrouens liefhet en hulle kinders hoog ag.

*Die bedoeling van hierdie rubriek is om belangrike pastorale sake vanuit die Bybel en belydenis aan te spreek. Julle is welkom om kommentaar hierop te lewer en/of spesifieke voorstelle vir temas deur te stuur aan jgnoeth@lantic.net*



*Ds. Hannes Noëth*

